LYNNWOOD
GEMEENTE

NG Gemeente Lynnwood is betrokke by Huis 6 van die Jakaranda Kinderhuis.

Daar bly tans 13 seuns van ouderdomme 10 tot 18. Alida Grobler is die huisma, bygestaan deur haar man Stanley en Kehlina die huishulp en aflos-hulp. Tussen hierdie drie skep hulle 'n huislike atmosfeer vir die seuns. Die seuns se waardering wys deur hul liewe positiewe geaardhede en samewerking.

Daar is 'n hele paar gemeentelede wat op 'n weeklikse basis op 'n praktiese wyse Huis 6 ondersteun. So is Chris Strydom verantwoordelik vir die onderhoud aan die huis en help met vervoer en algemene ondersteuning. Marié Behr (0832887777) behartig die skakeling tussen die gemeente en Huis 6.

Jané van der Linde en Carina Behr help die seuns 2 keer 'n week met hulle huiswerk. Dit is voorwaar 'n groot taak om 13 seuns van verskillende ouderdomme met skoolwerk by te staan. Hul entoesiasme en besorgdheid oor elkeen se vordering en behoeftes is prysenswaardig.

Bettie Hamman is die skakel tussen die Gemeentevroue-groepe en Huis 6. Hierdie vrouens betaal jaarliks geld in vir die seuns se verjaarsdae. Melani Badenhorst bak vir elke seun ‘n reuse verjaardag koek met sy naam opgeskryf en versiering volgens sy belangstellings.

Lynnwood Gemeente is ook jaarliks die dryfveer agter Huis 6 se uiters suksesvolle koffiestalletjie by die Kinderhuis se jaarlikse liggiefees in Desember. Verskeie gemeentelede is ook betrokke by die bemanning van die koffiestalletjie wat hopelik weer hierdie jaar kan plaasvind.

Alle skenkings en bydraes, hetsy finansieël of in ander vorm, word opreg waardeer en aangewend.

Aan almal wat op welke wyse ook al by Jakaranda Huis 6 betrokke is, een GROOT DANKIE. Kontak gerus vir Marié Behr vir enige hulp, raad of bydraes.